higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

13 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B
	1.1.2	D
	1.1.3	A
	1.1.4	D
	1.1.5	B
	1.1.6	C
	1.1.7	D
	1.1.8	A
	1.1.9	B
	1.1.10	A

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	C
	1.2.2	D
	1.2.3	E
	1.2.4	F
	1.2.5	A

(5 × 2) (10)

1.3	1.3.1	Waar
	1.3.2	Waar
	1.3.3	Onwaar
	1.3.4	Onwaar
	1.3.5	Waar
	1.3.6	Onwaar
	1.3.7	Onwaar
	1.3.8	Waar
	1.3.9	Onwaar
	1.3.10	Onwaar
	1.3.11	Waar
	1.3.12	Waar
	1.3.13	Waar
	1.3.14	Onwaar
	1.3.15	Waar

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.4 1.4.1 Veiligheidsgreep
1.4.2 Natuurlike speenproses
1.4.3 Tifus
1.4.4 Fisiologie
1.4.5 Gehidroliseerdeproteïen-formulemelk
1.4.6 Werpbraking
1.4.7 Sterilisering
1.4.8 Amenorree
1.4.9 Dagsorgsentrum
1.4.10 Toedraaiing
1.4.11 Immunisering
1.4.12 Steriliseermiddel
1.4.13 Pureevoedsel
1.4.14 Stutvoeding
1.4.15 Bevrugting

(15 × 1) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Loop terwyl jy die baba vashou, wieg hom/haar en troos hom/haar.
- Help die baba om die wind op te bring.
- Laat die baba aan ’n fopspeen suig.
- Sit die baba op sy/haar maag neer en vryf sy/haar rug in ’n opwaartse beweging.
- Voer die baba in ’n verhewe posisie.
- Maak seker dat die gat in die botteltiet nie te groot is nie, want dit kan tot gevolg hê dat die baba te veel lug sluk.
- Raadpleeg ’n dokter, kliniek of apteker, indien nodig.

(Moet dit NIE aanvaar as die student skryf dat daar krampwater vir die baba gegee moet word of iets soortgelyks nie aangesien dagsorgsentrums geen medisyne mag toedien sonder die ouer se skriftelike toestemming nie.) (7)

2.1.2 A
- Kry al die toerusting en hulpmiddels bymekaar wat jy nodig het, dit wil sê die bababad (indien nodig), toiletware en babaklere.
- Verwyder enige juwele wat aan die baba se klere kan vashaak en hom/haar kan beseer.
- Was jou hande.
- Voeg louwarm water by die baba se bad – toets dit met jou elmboog.
- Plaas ’n handdoek op ’n veilige werksoppervlak langs die bababad neer. (5)

2.1.2 B
- Sit die baba op die handdoek neer en trek sy/haar klere uit.
- Draai die baba in die handdoek toe, met sy/haar hande binne-in die handdoek om te verhoed dat daar seep op die baba se hande kom wat dan in sy/haar oë kan beland.
- Gebruik watte en was die baba se oë van die binnekant af buitentoe.
- Was die baba se gesig en hare en maak dit droog.
- Maak die handdoek oop en seep die baba se lyfie in.
- Maak van die veiligheidsgreep gebruik, laat sak die baba in die bad en spoel hom/haar deeglik af.
- Haal die baba uit die bad uit en droog hom/haar deeglik af en trek sy/haar klere aan. (7)

2.1.3
- Die baba het minder nat doeke as gewoonlik.
- Dit lyk of die baba steeds ná die voeding honger is.
- Die baba kan slaperig lyk en ’n swak suigrefleks demonstreer.
- Hy/sy kan aanmekaar tussen voedings huil.
- Die baba weier of baklei daarteen om die tepel in sy/haar mond te neem.
- Die baba kan gedehidreer word, met droë vel, oë en tong.
- Die baba se stoelgang kan donker en hard wees en dit kan seer wees om dit te passeer. (Enige 5 × 1) (5)

2.1.4
- Melk en melkprodukte
- Die wit van die eier
- Sitrusvrugte
- Koring, mielies, vis, tamaties en sjokolade
- Voedselkleursels en preserveermiddels
- Grondboontjies (Enige 5 × 1) (5)

2.2
- Dit beskerm die kind teen oordraagbare siektes soos difterie, tetanus, ens.
- As die kind wel die siekte opdoen, is dit gewoonlik in ’n ligte vorm.
- Dit beskerm ander en keer die verspreiding van hierdie gevaarlike siektes. (3 × 2) (6)

2.3
- Rook:✓ Gifstowwe in die sigarette dring die fetusstelsel binne, wat lae geboortegewig, voortydige geboorte en komplikasies tydens geboorte tot gevolg kan hê.✓
- Dwelmmiddels (selfs medisynes wat oor die toonbank gekoop kan word):✓ Babas kan onttrekkingsimptome weens die dwelmmiddels kry wanneer hulle gebore word. Hulle kan ook aan breinskade en ander liggaamsgebreke ly.✓
- Alkohol:✓ Daar is ’n risiko van breinskade (FAS) asook liggaamlike skade aan organe of selfs ’n miskraam.✓
- X-strale:✓ Dit kan ’n miskraam, liggaamsmisvormdheid of kognitiewe misvormdheid tot gevolg hê, afhangende van wanneer die fetus aan die bestraling blootgestel is.✓
- Inentings:✓ Bepaalde inentings wat tydens ’n swangeskap toegedien word, kan geboortedefekte of 'n miskraam veroorsaak.✓ (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.4
- Twee testikels in die skrotum
- Saadbuise
- Saadsakkies
- Prostaatklier
- Penis (5)

[50]

VRAAG 3

3.1
- Was hande gereeld en korrek voordat jy eet of nadat jy die toilet gebruik het.
- Moet nooit borsels, waslappe of handdoeke deel nie.
- As kinders siek is, moet hulle tuis bly.
- Moenie aan enige bloed raak nie.
- Bedek jou mond wanneer jy nies of hoes. (5)

3.2
- Kwiktermometer
- Digitale termometer
- Koorsstrokie
- Fopspeentermometer (Enige 3 × 1) (3)

3.3 Passiewe immuniteit is die weerstand wat ’n baba van sy/haar moeder verkry terwyl die baba nog in die baarmoeder is en deur middel van borsvoeding.
Aktiewe immuniteit is die inentings en immunisering wat by ’n kliniek of hospitaal toegedien word om immuniteit teen bepaalde infeksies aktief op te bou. (2 × 2) (4)

3.4
- Haal die nat of vuil doek af.
- Vee die boude met ’n babalappie ('baby wipe') of nat waslap van voor na agter af.
- Maak seker die vel is droog voordat jy die volgende doek aansit.
- Wend salf op die baba se boude aan.
- Plaas die doek onder die baba se boude en maak seker dat jy dit met ’n geskikte hegmiddel vasmaak.
- As jy handdoekstofdoeke en doekspelde gebruik, maak seker dat jy jou hand tussen die baba se vel en die doek insteek voordat jy die speld vassteek ten einde te verhoed dat jy die baba seermaak.
- Bedek die doek met ’n waterdigte broekie om nattigheid van die baba se klere en beddegoed weg te hou. (7)

3.5
3.5.1 Gebruik alternatiewe produkte soos rys- of sojamelk.
3.5.2 Gebruik natuurlike voedsel sonder kleurstowwe en vry van preserveermiddels.
3.5.3 Hawermout, rys of aartappelmeel
3.5.4 Vrugte en ander natuurlike suiker
3.5.5 Ander bronne van proteïen soos peulgroente, boontjies, ens.
(5 × 1) (5)

3.6 **Stadium 1**
Die kraamproses begin sodra die kontraksies begin.

Die serviks begin om te verwyd, die water breek, 'n slymerige afskeiding, bevlek met bloed, verskyn en die baba beweeg in die regte posisie, reg vir geboorte.

Stadium 2
Die geboorteproses begin en die baba daal neer in die geboortekanaal in.
Die drang om te druk, word groter, die baba se kop verskyn, die skouers begin verskyn en dan gly die res van die liggaam uit.

Stadium 3
Die kraamproses eindig sodra die plasenta uitgewerp word.
Ná die geboorte van die baba trek die uterus saam en word die plasenta uitgestoot. (3 × 2) (6)

3.7 Dit lei tot oorgewig en verhoog die risiko van toksemie (geswelde hande, gesig en voete wat met hoë bloeddruk gepaard gaan).
Dit bemoeilik die kraamproses en dit kan uiters moeilik wees om die oortollige gewig ná die baba se geboorte af te skud. (2 × 2) (4)

3.8
- Diabetes
- Hipertensie (hoë bloeddruk)
- Kanker
- MIV en vigs
- Asma
- Hemofilie
- Spina bifida
- Gesplete verhemelte of klompvoete (Enige 2 × 1) (2)

3.9

VOEDINGSTOF	FUNKSIE	BRON
Kalsium	Groei en versterking van die baba se bene✓	Melk, kaas, jogurt, olierige vis✓
Yster	Om nog bloed te maak wat nodig is om suurstof in die liggaam te vervoer✓	Vleis, vis, neute, volgrane, donkergroen blaargroente✓
Proteïen	Vir die ontwikkeling van die baba se organe en spiere✓	Pluimvee, rooivleis, soja, suiwel, eiers✓

(6 × 1) (6)

3.10 Deur liggaamsopeninge✓
- Mond – Mense asem virusse in soos TB of die griepvirus.✓
- Geslagsorgane – virusse soos MIV✓
- Oë – byvoorbeeld ooginfeksie ('pink eyes')✓

Deur stukkende vel✓
- Sere✓
- Snye of skrape,✓ byvoorbeeld puisiesuitslag✓ (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 Die gesondheidspan werk saam om ’n kind se gesondheid te verbeter. (2)

4.2
- Laat sak die kant van die wiegie✓ sodat dit makliker en veiliger is om by die baba uit te kom.✓
- Gebruik die veiligheidsgreep✓ en maak seker dat die baba stewig vasgehou word.✓
- Buig jou knieë effens en bring die baba nader aan jou liggaam✓ terwyl jy die baba se nek en rug met jou hand en arm stut.✓ (3 × 2) (6)

4.3 4.3.1 Doekspeld of -knip en waterdigte broekie (2)

4.3.2
- Kan grond-/landbesoedeling veroorsaak
- Kan water besoedel
- Kan rioolstelsels blokkeer
- Kan diere doodmaak, byvoorbeeld koeie (wat dit as voer kan aansien) (Enige 2 × 1) (2)

4.3.3
- Omdat hierdie soort doeke duur is, is moeders soms geneig om dit langer tye aan die baba te hou as wat hulle moet, wat dan luieruitslag veroorsaak.
- Party babas se vel is sensitief vir die jellie wat in sommige handelsmerke gebruik word, wat tot luieruitslag kan lei.
- Wanneer hierdie doeke nat is, word dit swaar en log, wat dit vir die baba ongemaklik maak. (3 × 2) (6)

4.4 4.41
- Werkloosheid.
- Lewenstylkeuses
- Gemeenskappe
- Kultuur (Enige 3 × 1) (3)

4.4.2 Werkloosheid – Ouers het geen geld nie,✓ wat ’n gebrek aan voldoende kos, behuising, klere en mediese sorg tot gevolg het.✓
Lewenstyl – Ouers is rolmodelle✓ en as hul lewenstyl nie positief is nie, beïnvloed dit die kind, wat hierdie slegte gewoontes naboots, negatief.✓
Gemeenskappe – Kinders boots die antisosiale gedrag na wat geopenbaar word deur mense wat aan dwelms of alkohol verslaaf is.✓ Hierdie kinders is ook weerloos om misbruik of mishandel te word.✓
Kultuur – Dit behels tradisionele gewoontes of praktyke soos babaseuns wat besny word.✓ Voedselvoorkeure en kinderopvoedingspraktyke maak ook deel van kultuur uit.✓ (3 × 2) (6)

4.4.3 Die term *kwarantyn* het betrekking op gesonde mense wat geïsoleer word om te verseker dat hulle NIE ’n siekte opdoen nie, terwyl isolasie plaasvind wanneer ’n siek persoon van ander weggehou word sodat hulle nie ook besmet word nie. (2)

4.5
- Wanneer meer as een baba gebore word (tweelinge)
- Die baba is te groot om normaal verlos te word.
- Daar is komplikasies met die moeder se gesondheid.
- Die kraamproses word uitgerek, en die baba raak gespanne.
- Die naelstring is om die baba se nek gedraai.
- Wanneer die plasenta laag in die uterus is en die serviks bedek, keer dit dat die baba kan deurbeweeg.
- Abnormale hartklop (Enige 5 × 2) (10)

4.6 Verlostang
Ventouse (vakuum-ekstraksie) (2)

4.7
- Lug beweeg deur die neusgate.
- Die lug word verhit en word klam gemaak.
- Haartjies in die neusgate vang stof op en tree dus as filter op.
- Die neus word as ’n reukorgaan gebruik. (Enige 3 × 1) (3)

4.8
- Moet wolklere nooit in warm water was nie; gebruik eerder louwarm water.
- Gebruik ’n sagte reiniger.
- Moet NIE die klere vryf of droog uitdraai nie.
- Laat die kledingstuk op ’n plat oppervlak lê om droog te word.
- Plaas ’n handdoek of absorbeerdoek onder die kledingstuk om oortollige vog te absorbeer.
- Moet NIE die klere in direkte sonlig of in ’n tuimeldroër laat droog word nie. (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou